
# Inhoud

## Kwartaal 2: Week 11 tot 15


**Storie 1:**

Dina die druppel .................. 2


**Storie 2:**

Die Groot Vyf ......................... 9






**Storie 3:**

Uitstappie op die plaas ......... 17





EXTRACT PAGES

# Dina die druppel




EXTRACT PAGES

Dina is 'n waterdruppel.
Sy bly in 'n dam saam met duisende ander waterdruppels.
Eendag sien sy 'n nuwe druppel.
"Is jy nuut hier?" vra Dina vir die nuwe druppel.
"Ja, my naam is Danie," sê hy.





EXTRACT PAGES

Dina en Danie raak gou goeie maats.
"Kom, Danie, kom! Ek gaan vir jou van die watersiklus leer," sê Dina.
Dina en Danie hou hande vas.
Hulle gaan nou deur 'n waterpyp.
"Jippie! " juig Danie en Dina soos hulle by die pyp afgly.



EXTRACT PAGES

Dina en Danie trek deur die lug.
Hulle val op tannie Tina se pienk roos.
Die roos is sag en baie mooi.
“Ek wil vir altyd hier bly,” sê Danie.
“Dit is sag en ruik so lekker.”



EXTRACT PAGES

"Ons kan nie vir altyd hier bly nie," sê Dina.
"Hoekom nie?" vra Danie.
"Die son gaan ons nou-nou kom haal,"
sê Dina.
"Ek wil hier bly. Dit is die mooiste plek wat
ek al ooit gesien het," sê Danie.






EXTRACT PAGES

Hier steek die son sy kop uit.
Hulle voel die son se strale op hulle skyn.
Dit raak nou baie warm.
"Kom, Danie. Hou my hand vas," sê Dina.
Die son vat hulle op en op tot by die wolke.



EXTRACT PAGES

Dina en Dina is nou in die wolke saam met baie ander druppels.
Dit word waterdamp genoem.
Daar is miljoene waterdruppels in ’n wolk.
Die wolke is baie groot en wit.
Die druppels pak saam en vorm ’n donker wolk.





Dit begin reën.
Al die druppels val terug aarde toe.
Danie en Dina val in die rivier en gaan by die waterval af.
"Sien jy, Danie? Dit word die watersiklus genoem," sê Dina.

**Vrae:**

1. Hoekom, dink jy, raak die wolke donkerder?
2. Wat doen die son met die druppels?
3. Hoeveel druppels dink jy is in 'n wolk voor dit begin reën?


EXTRACT PAGES

# Die Groot Vyf




EXTRACT PAGES

Nia en Nala is ’n tweeling.
Hulle is in die Krugerwildtuin.
Hier mag diere nie gejag word nie, want hulle word beskerm.
Nia en Nala wil die Groot Vyf sien. Hulle het ’n lysie gemaak om af te merk watter diere hulle sien.
Die Groot Vyf is die olifant, renoster, buffel, leeu en luiperd.





EXTRACT PAGES

Nia en Nala kyk opgewonde rond.
“Onthou, ons mag nêrens uitklim nie,” sê Ma.
“Die Groot Vyf is mooi, maar baie gevaarlik.”
Die sussies het elkeen ’n verkyker.
Hulle soek en soek.